

### **Sing vooraf staande: Skrifberyming 14-3:1, 2 (nuut)**

- 1 Versterk jul in die Heer se krag, / die krag wat nooit, ja nooit, sal taan.  
Kom trek, gesterk deur God se mag, / sy volle wapenrusting aan.  
Jul sal so staande bly, / ná elke veldslag vry.  
Jul sal teen Satan stry, / sy sluwe lis bestry, / in God se krag hom trou weerstaan.
- 2 Ons stryd is nie teen vlees en bloed, / maar teen die sondemag berug.  
Ons stry die stryd teen wat hier woed, / die bese geeste in die lug.  
Beklee jul met die kleed / wat God jul gee – en weet:  
ná stryd van onheilsdag / sal jul nog staan en wag / en nie oorwonne hoef te sug.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Psalm 33:1, 5 (p. 157)

- 1 Sing vrolik, hef die stem na bowe; / regverdiges, verhef die HEER!  
Dit pas opregtes God te lowe / en uit te jubel tot sy eer.  
Laat die psalmgesange – / stem van sterk verlange / om die HEER te dank –  
by die smeltendskone / harp- en sitertone, / liefde en lof verklank!
- 5 Die HEER se woord is skeppingsmagtig / wat lewe uit die dood gebied.  
Hy spreek – dit staan daar lewenskragtig, / Hy roep net en dit het geskied.  
Nasies en tiranne / smee verniet hul planne / in die vlam van haat.  
Hy wat groot van mag is, / weet wat daar bedag is / en verbreek hul raad.

Gebed

Psalm 119:6, 7 (p. 587)

- 6 In u wet smaak ek 'n vreugde / groter as waar hy van weet  
wat sy goed en aardse skatte / in hul waarde nie kan meet.  
Daarmee bly ek altyd besig, / daar't my soetste oorpeinsing is;  
mag maar niks die bron van vreugde / ooit uit my gedagte wis.
- 7 Help my, HEER, dat ek kan lewe; / dan wil ek u woord bewaar.  
Laat my oog aanskou die wonders / wat u wet my openbaar.  
Wat besit ek hier op aarde? / Niks is daar wat my behoort.  
Maar één ding, daarna verlang ek – / dis die rykdom van u woord.

**Skriflesing:** Lukas 16:14-31; Nederlandse Geloofsbelijdenis, Artikel 4

**Kernvers:** Lukas 16:31

**Maar hy sê vir hom: As hulle na Moses en die profete nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie al sou iemand uit die dood opstaan.**  
(Lukas 16:31 AFR83)

**Nederlandse Geloofsbelijdenis – Artikel 4: Die kanonieke boeke van die Heilige Skrif**

*Ons vat die Heilige Skrif in twee dele saam: die Ou en die Nuwe Testament. Dit is die kanonieke boeke waarteen niks ingebring kan word nie. Hulle getal in die kerk van God is soos volg:*

*Die boeke van die Ou Testament, naamlik die vyf boeke van Moses: Genesis, Eksodus, Levitikus, Numeri en Deuteronomium, die boeke Josua, Rigters, Rut, 1 en 2 Samuel, 1 en 2 Konings, 1 en 2 Kronieke (genoem Paralipomenon), Esra, Nehemia, Ester, Job, die Psalms van Dawid, drie boeke van Salomo: Spreuke, Prediker en Hooglied; die vier groot*

*profete: Jesaja, Jeremia, Esegïel en Daniël; en vervolgens die twaalf klein profete: Hosea, Joël, Amos, Obadja, Jona, Miga, Nahum, Habakuk, Sefanja, Haggai, Sagaria en Maleagi;*

*Die boeke van die Nuwe Testament, naamlik die vier evangeliste: Matteus, Markus, Lukas en Johannes; die Handeling van die apostels; die veertien briewe van die apostel Paulus: aan die Romeine, twee aan die Korintiërs, aan die Galasiërs, die Efesiërs, die Filippense, die Kolossense, twee aan die Tessalonisense, twee aan Timoteus, aan Titus, Filemon en Hebreërs; die sewe briewe van die ander apostels: die brief van Jakobus, twee van Petrus, drie van Johannes en die brief van Judas en die Openbaring van die apostel Johannes.*

## **Tema:** Die Bybel wat God aan ons gegee het

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, dit is glad nie meer 'n geheim nie. Daar is Christene vir wie die Bybel net uit die Nuwe Testament bestaan. Sommige van hulle sal nog miskien teen so 'n uitspraak protes aanteken en sê dat die Ou en die Nuwe Testament die Bybel is. Maar in die praktyk doen hulle anders. Hulle lees net die Nuwe Testament en hoogstens nog die Psalms en soms nog Spreuke. Die res van die Ou Testament se bladsye is nog silwerskoon soos die dag toe hulle die Bybel gekoop het, want hulle lees dit nie meer nie. In sommige kerke word die Tien Gebooie nie eers meer gelees nie, want dit klink kwansuis so hard. Daar word eerder 'n gedeelte uit die Nuwe Testament gelees wat sagter op die oor van die moderne mens val.

As ons hierdie dinge sê, moet ons asseblief tog nie hier staan en vinger wys na al wat 'n ander kerk is en dink dat ons darem nog die enigste ware kerk is nie. Vir elke vinger wat wys, is daar mos drie wat terugwys. Daarom moet elkeen van ons onself maar vanaand voor die Here verantwoord. Sit die bladsye van die Ou Testament in my Bybel nie ook maar nog aan mekaar vas nie, want ek lees nie meer daaruit nie? Of glo ons met ons hele hart dit wat ons hier in ons artikel van ons Geloofsbelydenis bely?

Broers, susters en kinders, kom ons volg die Heilige Gees vanaand met die handvatsel van ons belydenis terug na die Skrif toe sodat ons opnuut kan besef watter groot genademiddel die Here aan ons gegee het toe ons die Woord uit sy hand ontvang het.

Eerstens enkele gedagtes oor die woorde wat ons bely. Ons begin ons belydenis in hierdie artikel met die volgende woorde: **Ons vat die Heilige Skrif in twee dele saam: die Ou en die Nuwe Testament.** Die Bybel is geheel en al anders as enige ander boek waarmee ons te doen kry. Eintlik praat ons nie net van een boek wanneer ons van die Bybel praat nie, maar van 'n biblioteek van ses en sestig boeke. En vir die neerskryf van hierdie ses en sestig boeke het die Here veertig verskillende mense as sy knegte gebruik. Hierdie veertig mense het in drie verskillende tale geskryf. En dit het op drie verskillende kontinente gebeur.

Iemand sal kan opmerk, maar dit bewys nog nie dat die Bybel werklik heilig en besonders is nie. Dit mag miskien so wees, maar oorweeg nou ook nog die volgende feite. In hierdie ses en sestig boeke is daar 'n lyn wat dwarsdeur loop – dit is die skepping, val en verlossing van God se mense. In al ses en sestig boeke is daar die een gemeenskaplike tema – God se liefde vir die hele wêreld. Verder het al ses en sestig boeke die gemeenskaplike boodskap – vir elkeen wat hom van sy sondes bekeer en sy hele lewe toewy aan God en sy Seun het die verlossing 'n werklikheid geword. En die Outeur van hierdie ses en sestig boeke is die Heilige Gees. Hy het die Woord van God in die skrywers

ingeasem. Omdat die Bybel van God afkomstig is, noem ons hierdie ses en sestig boeke die **Heilige Skrif** wat uit twee dele bestaan – **die Ou en die Nuwe Testament**.

Let maar op: ons praat nie van die Ou en die Nuwe Testamente nie, maar van die Ou en die Nuwe Testament. Al ses en sestig boeke bevat een testament. Die woord *testament* is van die Latynse woord *testamentum* afgelei. Hierdie woord – testament – maak die volgende duidelik: In die Bybel openbaar God sy wil as 'n testament wat deur die dood van Christus, die Seun van God, van krag word. Die Ou Testament bevat die beloftes van die koms van die Messias, Jesus Christus. En die Nuwe Testament is die verhaal van die vervulling van die beloftes in Christus en loop uit op die wederkoms van Christus. Die Ou en die Nuwe Testament is dus 'n eenheid wat in Jesus Christus saamtrek. Augustinus het dit mooi gesê: In die Ou Testament is die Nuwe verborge, en in die Nuwe Testament gaan die Oue oop.

Ons Here Jesus lê self die band tussen die Ou en die Nuwe Testament vir ons. Die aand van die Sondag waarop Jesus uit die dood opgestaan het, het Hy aan sy dissipels verskyn in die huis waar hulle was. Nadat Hy 'n stuk gebakte vis geëet het sodat Hy hulle kon oortuig dat dit werklik Hy is, het Hy vir hulle gesê:

**Dit is die betekenis van die woorde wat Ek vir julle gesê het toe Ek nog by julle was, naamlik dat alles vervul moet word wat in die wet van Moses en in die profete en psalms oor My geskrywe is** (Lukas 24:44 AFR83).

Ons bely verder: ***Dit is die kanonieke boeke waarteen niks ingebring kan word nie. Hulle getal in die kerk van God is soos volg.*** Die woord *kanon* en *kanoniek* in Afrikaans is afgelei van die Griekse woord *kanê* wat 'n leenwoord uit Hebreeus is. Aanvanklik het die Griekse woord na 'n riet verwys. En later, omdat 'n papyrusriet se litte ewe ver van mekaar af is en hulle dit vir 'n meetstok gebruik het, het die Griekse woord ook die betekenis van *maatstok* gekry.

As ons dan sê dat die Bybel uit die ses en sestig kanonieke boeke bestaan, bedoel ons dat die Bybel die maatstok of maatstaf vir ons lewe is. Ons sal in die volgende artikel meer oor die Bybel as maatstaf vir ons lewe sê.

Teen hierdie kanonieke boeke kan niks ingebring word nie. Dit wil sê, hierdie boeke is onberispelik en geloofwaardig. Ons hoor dit ook in Psalm 19 wanneer daar van die inherente eienskappe van die Woord van God geskryf word:

**Die vrees van die HERE is rein: dit bestaan tot in ewigheid; die verordeninge van die HERE is waarheid – tesame is hulle regverdig** (Psalm 19:10 AFR53).

Ons sê ook in ons belydenis dat die getal boeke vas is. Net hierdie ses en sestig boeke is die Woord van God. Ongelukkig is daar mense wat na die een of die ander kant toe nie met ons wil saamstem wanneer ons sê dat net hierdie ses en sestig boeke die Woord van God is nie. Sommige meen dat daar nog boeke by die Bybel gevoeg kan word en hulle doen dit ook. Die Roomse Kerk voeg die apokriewe boeke by waarvan ons bely in artikel 6 van ons Nederlandse Geloofsbelydenis. Tans is daar sogenaamde Christene in die gnostiese gemeentes in Pretoria en Kaapstad wat ook die evangelie volgens Tomas as geloofwaardig beskou en daaruit lees en leer. Hierdie gnostiese gemeentes is ook dieselfde mense wat krities na die Bybel kyk en sommige dele daaruit weghaal omdat dit na hulle oordeel nie deel van die Bybel hoort te wees nie.

In die Ou en in die Nuwe Testament verbied die Here ons om iets by te voeg of weg te neem uit sy Woord uit. Hoewel hierdie uitsprake in Deuteronomium en Openbaring eerste

betrekking het op die wet van die Here en op die boek Openbaring self, lei die Heilige Gees ons om tog te verstaan dat dit op die hele Bybel betrekking het. Hoor hoe sê die Here dit in albei gevalle:

**Moenie iets byvoeg by wat ek jou beveel nie en moet ook nie iets daarvan wegvat nie, maar gehoorsaam die Here julle God se gebooie wat ek julle gegee het.**

(Deuteronomium 4:2 AFR83),

en

**Ek betuig aan almal wat die woorde van hierdie profetiese boek hoor: As iemand iets hieraan byvoeg, sal God vir hom die plaë byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is; en as iemand een van die woorde van hierdie profetiese boek wegneem, sal God sy deel aan die boom van die lewe en aan die heilige stad wegneem waarvan in hierdie boek geskrywe is (Openbaring 22:18-19 AFR83).**

Iemand kan nog seker vra: Maar wie het gesê dat net hierdie ses en sestig boeke die Woord van God is? Met so 'n onskuldige vraag maak sommige mense die afleiding dat die kerk mense wil manipuleer deur vir hulle te sê wat die Woord van die Here is en wat nie. Geliefdes, laat ons somer nou hierdie wanopvatting uit die weg ruim. Die kerk het nooit besluit watter boeke kanoniek is en watter nie. Indien die kerk dit sou gedoen het, sou dit beteken dat sondige mense besluit het watter boeke hulle as die Woord van God gaan aanvaar en watter nie. Dit is by die sinodes van Hippo Regius en Kartago in die jare 393 en 397 nC waar bely is – nie besluit is nie – watter boeke kanoniek is. En dit is hierdie ses en sestig boeke waarvan ons dan ook in artikel 4 bely.

Reeds aan die begin van die Nuwe-Testamentiese tyd is die Ou Testament, soos wat ons dit vandag het, erken en herken as die gesagvolle Woord van God. Dit is trouens wat Jesus self doen in die gelykenis wat Hy vertel van die ryk man en Lasarus. Paulus skryf oor sy en die ander apostels se verkondiging van die evangelie aan die gemeente in Tessalonika so:

**Ons dank God dan ook gedurig daarvoor dat julle die boodskap van God wat julle van ons gehoor het, ontvang en aangeneem het in die oortuiging dat dit nie mense-woorde is nie, maar die woord van God. En dit is ook inderdaad die woord van God, soos die uitwerking daarvan op julle wat glo, bewys. (1 Tessalonisense 2:13 AFR83)**

En teen die tyd dat Petrus sy tweede brief geskryf het, is Paulus se briewe erken as die Woord van God en dit word saam met die res van die Woord Skrif genoem (2 Pet 3:15-16). Die kerk besluit dus nie watter boeke kanoniek is nie; die kerk bely net wat die Here self in sy Woord aan ons sê. Hierdie ses en sestig boeke het die Here aan sy kerk gegee as sy Woord.

Die Heilige Gees bring ons nou by Jesus se woorde in die gelykenis van die ryk man en Lasarus. In hierdie gelykenis maak Jesus nie 'n uitspraak oor rykdom en armoede nie. Dit is net die revolusionêre mense wat uit hierdie gelykenis wil aflei dat ryk mense hel toe gaan en arm mense hemel toe gaan. Die ryk man is nie hel toe omdat hy ryk was nie. Dit het gegaan oor dinge wat dieper as aardse rykdom of armoede lê. Dit het gegaan oor wat hy gedoen het met die Woord van die Here. Die ryk man in die gelykenis is eintlik die afbeelding van die Fariseërs wat Jesus beledigend uitgelag het en van wie Hy gesê het dat hulle hulleself voor die mense as goeie mense voordoen.

In net drie verse vertel Jesus van die ryk man en Lasarus se lewens voordat hulle gesterf het. En dan net in twee verse waar elkeen van hulle se ewige bestemmings is. Die res van

die gelykenis handel oor die twee versoeke wat die ryk man uitgespreek het. Die eerste versoek word baie kort hanteer – in net drie verse versoek die ryk man vir Abraham dat Lasarus hom tog moet kom verlig waar hy nou in die vuur ly. Nadat Abraham hierdie versoek afgewys het, lyk dit of die ryk man nie net meer aan homself dink soos in sy eerste versoek nie. Hy dink nou aan sy vyf broers wat nog lewe en hy besef dat die keuses wat 'n mens in die lewe maak voor jou dood so bly tot in die ewigheid na jou dood.

In sy tweede versoek praat die ryk man steeds asof Lasarus vir hom tot diens moet wees of ten minste vir sy vyf broers. Hy wil graag hê dat Lasarus sy vyf broers dringend moet gaan waarsku sodat hulle nie ook in die plek van pyniging beland nie. As Abraham die ryk man dan daarop wys dat hulle die Woord van God het – Moses en die profete – om na te luister, is die ryk man vinnig om te sê dat die Woord nie genoeg is nie. Eers as iemand uit die dood na hulle toe gegaan het, sal hulle hulle bekeer.

Geliefdes, as Jesus in hierdie gelykenis sê dat die mense in hierdie lewe die woorde van Moses en die profete het om na te luister, dan bevestig Hy dat die Ou Testament inderdaad die Woord van God is. Dit is die openbaring van die Here wat die mense tot in daardie stadium gehad het. Dit is wel sewe en twintig boeke minder as ons Bybel, maar die verlossing wat daarin verkondig word is presies dieselfde as die verlossing wat in die Nuwe Testament verkondig word. Die Nuwe Testament is mos in die Ou Testament ingebed. Om maar net twee van baie evangeliese gedeeltes uit die Ou Testament te noem – in Genesis 3 – in die eerste boek van Moses – maak die Here al die belofte:

**Ek stel vyandskap tussen jou en die vrou, tussen jou nageslag en haar nageslag. Haar nageslag sal jou kop vermorsel en jy sal hom in die hakskeen byt.**  
(Genesis 3:15 AFR83)

Die profete is ook nie stil oor die evangelie van Jesus Christus nie. Die hele Jesaja 53 beskryf duidelik hoe God die Vader die verlossing deur sy Knecht sal bewerk.

Buiten al die evangeliese strale wat in die Ou Testament helder skyn, is daar male sonder tal wat die Here die lesers en hoorders van sy Woord oproep om hulle te bekeer sodat hulle kan bly lewe en nie sterf nie. Die Woord van die Here soos wat die ryk man se vyf broers in die Ou Testament gehad het, het dus inderdaad nie te min getuienis oor watter keuse 'n mens in hierdie lewe moet maak nie. Die feit dat die ryk man ook nie die Woord van die Here geglo het nie, was nie omdat die getuienis te min was nie, maar dit was omdat hy geweier het om te glo wat hy hoor. Hy het sy hart gesluit gehou vir die Woord waarin die Here met soveel liefde geroep het. Hy het dus nie onvoldoende bewyse gehad nie; hy het 'n moedswillige hart gehad wat nie wou glo nie.

Soos wat die ryk man 'n teken vra, naamlik dat Lasarus uit die dood na sy broers moet gaan sodat hulle kan glo, presies so het die Fariseërs ook aan Jesus gevra. Hulle het Jesus aangepor om vir hulle 'n teken te gee sodat hulle kon glo dat Hy werklik die Seun van God is. Jesus het hulle egter geantwoord:

**'n Slegte en afvallige geslag vra 'n teken, en geen teken sal aan hulle gegee word nie, behalwe die teken van die profeet Jona. Soos Jona drie dae en drie nagte in die maag van 'n groot vis was, so sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte binne-in die aarde wees** (Matteus 12:39-40 AFR83).

En toe die Here uiteindelik die teken vir hulle gee waarvoor hulle gevra het, het hulle steeds nie geglo nie. Die leë graf in Jerusalem het nie 'n massabekering onder die Jode tot gevolg gehad nie. Die probleem was nie 'n tekort aan bewyse nie, maar dit was harte wat

geslote gebly het vir die Woord van die Here. As mense op Christus wil reken om gered te word, moet hulle glo wat van Christus in die Ou Testament verkondig word. Dit is immers wat Petrus aan die mense op Pinksterdag verkondig het. Hy het die wet en die profete verkondig en dit het tot gevolg gehad dat die Heilige Gees op daardie dag drie duisend mense by die getal van die gelowiges gevoeg het. Daarom sê Jesus:

**As hulle na Moses en die profete nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie al sou iemand uit die dood opstaan** (Lukas 16:31 AFR83).

Geliefdes, nou is dit ook mos nie meer 'n geheim nie. Daar is Christene wat ook die Ou Testament nog lees maar nie alles glo wat daarin geskryf staan nie. Hulle gaan selfs so ver om te sê dat daar mites in die Ou Testament is. 'n Mite is sommer net 'n storie wat in die ou tyd vertel is. Juis dit wat met Jona gebeur het, word deur hierdie mense afgeskryf as 'n mite. Nou vra ek: As ons Here Jesus, die Seun van God, die teken van Jona voorhou as die waarheid, wie is ons om te durf sê dit is net 'n storiëtjie. En as ons daarmee volhou, sê ons inderwaarheid dat ons Here Jesus gelieg het.

Maar dit is nie al nie. Wanneer ons begin om dele van die Ou Testament uit te skuif uit ons Bybels uit en dit net nie meer lees nie en later ook nie meer glo nie, dan is ons wat belydende lidmate in die Gereformeerde Kerke is ook leuenaars. Ons het mos die dag toe ons belydenis gedoen het, toe ons kinders gedoop is en/of toe ons bevestig is as ouderlinge, diakens en predikant gesê: Ja, die Ou en die Nuwe Testament is die Woord van God en is die volkome leer van die saligheid. As ons dan die Ou Testament van minder waarde ag of dele daaruit totaal ignoreer, moet ons ook bereid wees om ons *Ja* terug te trek. Dan kan ek nie meer voor die Here verantwoordelik my kind grootmaak nie, nie meer verantwoordelik 'n belydende lidmaat van die Here wees nie en nie meer in een van die besondere dienste werksaam wees nie.

Mag die Heilige Gees ons oë, ore en harte besny sodat ons al ses en sestig kanonieke boeke sal vashou en lees en gehoorsaam as die Woord van God wat net een weg tot verlossing aankondig, naamlik die weg deur Jesus Christus.

**Amen!**

Slotgebed

Skrifberyming 14-3:3, 4 (nuut)

- 3 Staan altyd onbeweeglik vas, / omgord met waarheid, onbevrees;  
geregtigheid as borsharnas / – laat Woorddiens julle skoene wees!  
As skild neem die geloof / om brandpyl uit te doof,  
verlossing om te weer, / om vir die kop te keer. / En neem die Woordswaard van die Gees.
- 4 Stry altyd biddend deur die Gees, / terwyl jul God van harte smee.  
Volhard en laat jul bede wees / vir heiliges in elke streek.  
En bid dat God se Woord / gepreek word soos dit hoort,  
geheimnisse soet / vrymoedig en met moed / nou kragtig uit my boeie breek!

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**